higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

27 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1 (Enige TWEE)

1.1 1.1.1 Figuratief. Menslike figure is herkenbaar al is hulle gestroop van alle detail. (2)

1.1.2 Die prediker op die agtergrond. Hy is die enigste een wat vorentoe kyk. Al die ander figure se rûe is na die toeskouer gedraai. Die gloeiende kruis op die kansel lei ook die oog na hom toe. Al die figure is in skaduwee, behalwe die prediker, aangesien hy voor ’n dofgeel muur staan. (3)

1.1.3 Sekoto het die komposisie gebalanseer deur koue en warm kleure te gebruik. Deur die mense in blou en swart te klee en teen die dofgeel muur te plaas, skep hy ’n somber stemming. Die donker kleure weerspieël die droefheid van die mense se lyding. Selfs die lig wat deur die venster val, gee ’n koue gevoel. (5)

1.2 1.2.1 (a) B – foto – swart-en-wit – beeld die vrou se gelaatstrekke realisties uit om haar lyding te wys – gebruik oordrewe kontras vir visuele effek
C – olie op doek – nie naturalisties nie, maar gebruik eerder ’n vereenvoudigde ekspressionistiese styl om die vrou se karakter uit te beeld – breë, plat kwashale, verdeel in onderskeidende, soliede kleurareas – dik swart buitelyn verleen ’n illustratiewe voorkoms aan afbeelding. (4)

(b) B – swart-en-wit – skep ’n dramatiese gevoel om die vrou se hartseer uit te beeld – gebruik chiaroscuro om die emosionele inhoud te beklemtoon
C – gebruik helder kleure om Madame Matisse se persoonlikheid te weerspieël – gebruik komplementêre kleure (groen en rooi; pers en geel) (4)

1.2.2 Student se mening – probeer sy emosies jeens sy vrou betoon – warm kleure – hartstog/passie, liefde, energie – ook koue kleure – emosieloos, koud (2)

1.3 1.3.1 ’n Stemming van passie en intimiteit – harmonie – onbewus van die res van die wêreld (1)

1.3.2 Hy het bladgoud gebruik om die idee van die waarde van liefde te versterk. Kleure is gloeiend en warm. Paartjie is omsluit in hul eie wêreld, verteenwoordig deur die vergilde kombers/mantel wat hulle toevou. Kniel op ’n vloer besaai met blomme (3)

Kopiereg voorbehou

1.3.3 Die versiering van die kombers verskil wat die vroulike en manlike kant betref – swart en wit reghoeke vir die man (sterk, geometries) – gekleurde sirkels en blomme vir die vrou (sag, vroulik). Bladgoud – dikwels in godsdienstige kuns gebruik – tweeledigheid van seksuele genot en geestelike dimensie (3)

1.3.4 Student se mening (3)

1.4 1.4.1 Picasso het veelvuldige perspektiewe gebruik – beeld wys verskillende gesigshoeke. Voor- en agterkant van liggaam word gelyktydig gewys. Gesig word gelyktydig van die kant, agter en voor gewys. Agtergrond blyk soms op dieselfde vlak as die voorgrond te wees. Nie baie belangrikheid geheg aan die skepping van diepte nie – 'n mate van atmosferiese perspektief met kouer of donkerder kleure op die agtergrond en oorvleueling van figure. (4)

1.4.2 Deur van realistiese vleeskleur tone gebruik te maak – trek aandag na die seksuele aard en die feit dat die vroue prostitute is – ook die wit van die lakens aksentueer die aard van die vroue se werk. Sterk blou bring die agtergrond na die voorgrond. Kleure wys die lig aan die binnekant van die bordeel – probeer nie voorgee om sensualiteit te wys nie. (4)

1.4.3 Antieke simbool van vrugbaarheid en seksualiteit. Laat student se mening toe. (2)
[40]

EN/OF

VRAAG 2 (2.1 OF 2.2)

2.1 2.1.1 (a)
- Kaggen – die bedrieër-godheid – het alle dinge geskep. Die hottentotsgot of mantis is slegs een van sy baie manifestasies – neem baie vorme aan (diere en voëls)
- Geloof in die gees van die dooies
- Godsdiens is deel van die struktuur van alledaagse bestaan
- Sjamane – eienskappe van diere; hare en sleepsels word soms in skilderye aangedui
- Magiese slange
- Meisies wat deur weerlig doodgeslaan word, verander in sterre
- Mense wat deur reën doodgemaak word, verander in water, blomme of wolke
- Die mens kan ná sy dood in 'n gevleuelde ondier verander.
- Gees wat in die liggaam gehuisves word, is in staat om die liggaam na willekeur te verlaat en self rond te reis
- Dood wat aan slaap gekoppel word
- Elandbulle dui op die huwelik, en genesing of die beswymingsdans (10)

Kopiereg voorbehou

(b) Student se keuse – byvoorbeeld eland, Lintonrots, Lintonklip, genesende dans, ensovoorts (6)

2.1.2 (a) Kop van ’n man met liggaam van ’n eland

(b) Iemand in ’n beswyming. Kan genees in daardie toestand.

(c) Hoe groter die ooreenkoms, hoe meer effektief is die toorkuns.

(d) Groep beelde en simbole en die betekenis daarvan – derhalwe baie betekenisse

(e) Gebruik van baie kleure

(5 × 2) (10)

2.1.3
- Gepik: Rots word gekap, wat patina (donker buitelaag) verwyder en ligter binnekantse rotslaag ontbloot
- Insnyding: Sny deur patina met ’n ander skerp klip – insnyding is diep of vlak
- Afskraping: Afskraping van patina (boonste rotslaag) om groot, plat, ligter areas te ontbloot (9)

2.1.4 Student se keuse

Voorbeeld: Klein jakkals van Maanhaarrand
Vroeë periode van gravering – ingekerfde gravering – waarvolgens lyne in rots gekrap is – kalligrafiese tegniek – buitelyngravering baie skaars – syaansig – kuns van die enkele vorm: slegs een dier op rots – dier onverstoord en geskei van die wêreld – statiese houding – uitstekende tegniese vaardigheid – weerspieël geniale waarneming – hoeke gevarieerd – oorgang van vaste vorms na delikate ekstremiteite – geen verwringing of verlenging nie (5)

[40]

OF

2.2 Naam van kunstenaar en titel van werk
Onderwerp
Stilistiese kenmerke en tegniek
Relevansie van die werk

Student se keuse

Byvoorbeeld: Irma Stern, Walter Battiss, Baines, Bowler, Jackson Hlungwane of enige ander toepaslike kunstenaar **[40]**

EN/OF

VRAAG 3

3.1 HINDOE-KUNS – TEMPEL

Argitektuur en beeldhouwerk is verwant aan mekaar. Argitektuur sluit in oordadige gegraveerde versierings wat monumente bedek. Tempels kom gewoonlik in toringvorm voor, met oordadige snywerk aan die buitekant. Groot nisse in 3 buitemure van die heilige plek bevat gegraveerde beelde wat verskillende aspekte van godheid uitbeeld. Buitesale en portiek bevat ook beeldhouwerke. Hoewel toegewy aan die eer van die godheid, is dit ook daarop gerig om kerkgangers te help om moksja te bereik. Mure wys beeldhouwerke wat die ander 3 doelstellings van die lewe weerspieël, wat lei tot 'n begrip van die sintuiglike en sekulêre temas wat Hindoe-tempels se mure versier.

Suid-Afrikaanse voorbeeld – Hare Krisjna-tempel, Chatsworth, gebou in 1969, grootste in Afrika. Oordadige versiering – marmerteëls, goudgetinte vensters, koperornamente, kristalkandelare, goue beeldjies. Tempel ontwerp in die vorm van 'n lotusplant. Kleurvolle panele op plafon verteenwoordig lord Krisjna se lewe.

ISLAMITIESE MOSKEE

Soortgelyk aan Romeinse, Bisantynse en Persiese argitektuur – Moslems het hierdie plekke in die 7de en 8ste eeu verower. Ook beïnvloed deur Chinese en Indiese argitektuur. Die koepel is volgens die patroon van die Kerk van die Heilige Graf gemaak.
Oordadige mosaïek is soortgelyk aan Bisantynse kerke.
Hoefysterboog of Moorse boog is 'n gewilde kenmerk in Islamitiese strukture.
Onderskeidende motiewe, wiskundige temas van geordende herhaling, uitstralingstrukture, ritmiese patrone
Fraktaalmeetkunde is belangrikste nut
Kolomme, steunpilare, boë, nisse en klein, slanke kolomme

Byvoorbeeld: Nizamiye-moskee – Midrand, Johannesburg
Grootste moskee in suidelike halfrond. Beslaan tweederdes van 'n hektaar. Planne in Turkye opgestel, maar aangepas by Suid-Afrikaanse boustandaarde. Voltooi in 2012 – Ottomaanse argitektuurstyl – hoofkoepel 31 m hoog en 24 m in deursnee (15)

3.2 HINDOE-KUNS

’n Groot deel van kuns is godsdienstig – simboliese gebare en kunsvoorwerpe. Gebruik vir gebed (puja) – Daar word geglo dat beeldhouwerk, beelde of ander simbole van God gevul is met die godheid se kosmiese energie, eerder as wat dit op sigself ’n godheid is. Meerdere arms wat mag an godhede wys – vermoë om verskeie handelinge tegelykertyd uit te voer Eenvoudige, effektiewe manier om godheid as alomteenwoordig en almagtig uit te druk. Demone uitgebeeld met meerdere koppe wys bomenslike mag. Gebruik van meerdere koppe of ledemate wys wisselende aspekte van godheid se karakter. Geen individualiteit nie – figure meer volmaak uitgebeeld as wat in mense aangetref word.

ISLAMITIESE KUNS

In teenstelling met Hindoe-kuns word Islamitiese kuns nie toegelaat om óf menslike óf dierlike vorm uit te beeld nie. Hulle fokus meer op dekoratiewe vorme. Die Koran in Arabies het die ontwikkeling van abstrakte ornamentele vorme beïnvloed. Arabiese kalligrafie gebruik ’n kombinasie van geometriese en blommeontwerp. Geometriese beginsels en weerspieëling van ’n sin vir ritme in die komplekse herhaalde patrone weerspieël Arabiese belangstelling in wiskunde en astronomie. Godsdiens is die belangrikste invloed op Islamitiese kuns. Patrone verwys na die idee om aardse voorwerpe onherkenbaar te maak, sodat dit bo die aardse lewe kan uitstyg. Hulle gebruik vorme en patrone van Bisantynse kuns en brei daarop uit. Beklemtoon belangrikheid van eenheid, logika en orde. Sirkel is die basis van baie patrone. Gebruik liniaal en kompas om patrone te skep. (15)

3.3 Student se eie keuse

HINDOE-voorbeeld:

Siwa Nataraja 12de-eeus (Chola-dinastie)

Brons. Gewilde beeldhouwerk van Siwa (een van die belangrikste godhede van Hindoeïsme) as Nataraja (Heerser van die Dans) wat die Kosmiese Dans uitvoer. Balans en harmonie is voortreflik. 2 hande hou vlam en trom, wat vernietiging en skepping simboliseer. Die ander 2 hande word vertoon in voorgeskrewe gebare bekend as *mudra*. Hy dans op ’n demoondwerg wat onkunde verteenwoordig. Siwa dans in ’n kring vlamme. Die herhaling van vlamme behou harmonie in die beeldhouwerk.

Asaveri met ’n kobra, 1605

Op papier geskilder – miniatuur uit Udaypur in Rajastan wys die blywendheid van die Hindoe-skildertradisie – musikale modus – beklemtoon die nabye skakel tussen Hindoe-kuns, -musiek en -digkuns. Gestileerde beeld. Asavari word gewys met blink, donker vel versier met pouvere en ’n halssnoer van skaars skitterende pêrels wat op ’n bergspits sit. Het ’n slang uit sy gat gesleep om as broekgord te gebruik.

Kopiereg voorbehou

Radha en Krisjna, 1590

Geskilder op papier – Rajputana. Illustreer die gedig Gita Govinda, wat Krisjna se verhoudings/affairs met melkerywerksters, waarvan die belangrikste Radha was, beskryf. Krisjna, een van die mees geliefde Hindoe-gode, word altyd met ’n blou vel uitgebeeld. Treffende besonderhede (pou en die rand bestaande uit vis, branders en blomme). Vaal agtergrondkleure. Helderrooi fokus aandag op die god en sy liefde.

Enige ander voorbeelde van ’n skildery of beeldhouwerk

ISLAMITIESE voorbeeld:

Keramiekteëls (gedateer tussen 14de en 15de eeu) met Arabiese teks. Teks op teëls: ‘watter uitstekende metgeselle is geluk en voorspoed’. Dit word verskeie kere herhaal. Teëls is geskep as versiering vir gebou. Kalligrafie is grondliggende element van Islamitiese kuns, bied geleentheid om ornamentele vorme te ontwikkel. Arabiese teks wat in die Koran gebruik is, het die ontwikkeling van abstrakte ornamentele vorme en patrone beïnvloed.
Enige ander voorbeelde (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B (Enige DRIE)

VRAAG 4: ANTIEKE/OUD-EGIPTIESE KUNS

4.1 4.1.1 Politeïsme/veelgodery

4.1.2 Ankh

4.1.3 Cartouche

4.1.4 Dinastie

4.1.5 Sfinks

(5 × 2) (10)

4.2 4.2.1 Driehoekige stuk grond waar rivier verdeel voordat dit by die see invloei

4.2.2 Antieke Egiptenare wat by die Farao se hof kon lees en skryf deur van die hiërogliewestelsel gebruik te maak

4.2.3 Menslike kenmerke wat aan niemenslike dinge toegeskryf word

4.2.4 Lewenskrag van heelal wat die liggaam in die lewe vergesel

4.2.5 Regop klipblad gegraveer met beelde en tekste van historiese of godsdienstige belang

(5 × 2) (10)

4.3 Kuns is hoofsaaklik vir godsdienstige doeleindes geskep. Kunstenaars het volgens ’n stel reëls gewerk – die standaarde vir skoonheid, waardigheid en etiese ingesteldheid wat vir die adelstand en gode geskik sou wees – het die reëls van ’n gestandaardiseerde idealisering van die menslike figuur gevolg – dit het hulle gedwing om geen persoonlike interpretasies te gee nie – geringe afwyking van hierdie voorstellingswyse is as ’n fout beskou – groot afwyking impliseer ’n verandering in betekenis, byvoorbeeld deur die figuur van ’n hofbeampte na ’n kleinboer te verander. Hierdie benadering waarvolgens ’n eenvormige voorstellingstyl gevolg is, het bygedra tot die interpretasie van Egiptiese kuns as konstant en simbolies van die onveranderlike aspek van dinge. Kuns moes die ewige waarhede en alles wat na verwagting vir ewig sou bestaan, uitbeeld. (4)

4.4 Hiërogliewe is ontsyfer danksy die ontdekking van die steen. Dit het inskripsies in Egiptiese hiërogliewe, Egiptiese Demotiese skrif en Griekse skrif gehad – 2 kon reeds geïnterpreteer word – Egiptiese kultuur, maatskaplike strukture en godsdiens kon makliker verstaan word danksy die begrip van die betekenis van hiërogliewe – inskripsies op Rosettasteen was ’n kennisgewing wat in tempels geplaas is om aan priesters sekere inligting oor te dra (3)

4.5 Grafkelder-beeldhouwerke het ’n belangrike funksie gehad, aangesien dit die tuiste vir die ka-gees sou word indien die gebalsemde liggaam vernietig sou word. Klip was derhalwe die primêre materiaal vir beeldhouwerk en is beskou as die beste materiaal vir tempels en grafkelders, aangesien dit die ewigheid deur middel van sy duursaamheid gesimboliseer het. Die Egiptenare het toegang tot ’n groot verskeidenheid materiale vir beeldhouwerk gehad, omdat die land oor ’n oorvloedige bron van verskillende tipes klip beskik in die bergagtige streke wat Egipte begrens het. Kalksteen, sandsteen, graniet en dioriet was almal geredelik beskikbaar in Egipte. Hout, klei en brons is ook gebruik vir beeldhouwerke van mense wat nie tot die adelstand behoort het nie. (3)

4.6 Student se keuse

Byvoorbeeld: Boek van die Dood, Papirus van Ani, Fragment van Muurskildery uit Grafkelder van Nebanum, Houtstele van Hesire, Huisstele van Koning Akhenaten (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 5: ANTIEKE/OU GRIEKSE KUNS

5.1 5.1.1 ’n Groot vaas wat gebruik is om wyn en water te meng

5.1.2 Gedeelte van gebou tussen kapitele van pilare en dak Sluit in argitraaf, fries, kroonlyste en pediment/fronton

5.1.3 Sentrale gedeelte van entablement tussen argitraaf en kroonlys

5.1.4 Ommuurde heiligdom wat kultusfiguur in antieke Griekse tempels huisves

5.1.5 Pilaar/kolom met voetstuk, skag, kapiteel en entablement versier volgens spesifieke modelle: Dories, Korinties en Ikonies

(5 × 2) (10)

5.2 Die Parthenon (wat kamer van die maagdelike godin beteken) is een van die geboue wat wit marmer gebruik het in plaas van kalksteen versterk met marmerstukadoor, soos in baie ander tempels aangetref word. Sy belangrikste doel was om die standbeeld van Athena, die godin wat die stad Athene beskerm het, te huisves. Dit is ’n tempel van die Doriese orde wat ’n sentrale posisie op die Akropolisheuwel inneem. Dit is breër as ander tempels van die Doriese orde, met agt pilare in plaas van ses. Orde verwys na die tipe pilaar, met ’n voetstuk, skag, kapiteel en ’n entablement met ’n spesifieke styl aan die bopunt, in hierdie geval Dories. Stut- en lateiboutegniek in klippilare en entablement is van die Egiptenare afkomstig. Tesourie bevat 4 Ioniese pilare, wat ongewoon is. Nog ’n Ioniese kenmerk – beeldhouwerke op die fries wat om die bopunt vou. Fries – horisontale dekoratiewe of beeldhoustrook tussen pilaar en dak. Marmer is deurgaans gebruik. Geen dagha is gebruik om die blokke te heg nie. Die kelke van die pilare het inmekaar gepas met voeë, en marmerblokke wat die mure vorm, word vasgehou deur ysterklampe wat in gleuwe geplaas en met lood vasgemaak is. Vrystaande pedimentfigure. Die gebou word beskou as ’n volmaakte balans tussen die humanistiese en idealistiese tendense wat Griekse kunstenaars in hul werk probeer uitbeeld het. (10)

5.3 Student se eie keuse van kunswerk.
Byvoorbeeld: Die Kouros van Tenea, 570 vC, marmer – beeldhouwerke van kaal manlike jong mans. Vroeë oortuigings – aanbidding sonder klere wys die mens sonder enige aardse besittings. Die Kouros – 1,52 m. Langs ’n graf aangetref – moontlik ’n grafmonument. Die onbuigsame houding met arms langs die liggaam, vuiste gebal, een voeg effens voor die ander, herinner aan Egiptiese standbeelde. Hy het ’n atletiese voorkoms.

Gelaatstrekke is kenmerkend van die argaïese periode, insluitend die effense glimlag. Gestileerde lang hare. Hierdie beeldhouwerk wys ’n meer naturalistiese benadering as die ander Kouros-standbeelde.

Diskusgooier – brons. Geskep deur Griekse beeldhouer Myron. Naturalisties – figuur is vasgevang in ’n oomblik van aksie. Bevry van die onbuigsame liggaamshoudings van die Argaïese periode. Ideale werklikheid van fisieke beweging word vasgevang. Die atleet word gewys op die oomblik voordat hy die swaar skyf vorentoe swaai om dit te laat los. Verspreiding van liggaamsgewig tesame met die vorm van die spiere – ’n kompositoriese effek is deur die Grieke geskep en *rhythmos* of patroon genoem. Hoewel dit ’n oomblik van aksie was, blyk die gesigsuitdrukking emosieloos te wees. Dit word as ’n teken van sterkte en krag beskou. (2 × 10) (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6

6.1 Vroeëre argitektuur is oorheers deur die konstruksie van geboue vir godsdienstige doeleindes. Die Romeine se projekte was daarop gerig om praktiese probleme, wat deel was van die lewens van alle burgers, op te los. Hulle het gefokus op sekulêre strukture, insluitend die ontwikkeling van akwadukte, paaie, brûe, rioolstelsels, publieke baddens en basilikas. Akwadukte het drinkwater voorsien – gekoppel aan binnenshuise rioolstelsels om water weg van die stede te voer. Water is ook aan badhuise voorsien. Romeinse publieke badhuise – ingenieursprestasie Warm water is uit ondergrondse warmbronne voorsien, maar water moes gedurende die dag verhit word.

Een van die belangrikste bydraes was die Romeine se ontwikkeling van boë, gewelwe en koepels. Deur middel van die skepping van die kruisgewelf is die koepel ontwikkel. Hierdie stelsel stel gewig in staat om op die steunmure oorgedra te word. Ondersteunende pilare was nie meer nodig nie, Hierna is pilare as dekoratiewe elemente gebruik. Hulle het ook ’n tipe beton ontwikkel om sterker mure te bou. Hulle het dagha ontwikkel wat stadig droogword. Hulle kon nou groter ruimtes skep sonder enige ondersteuning aan die binnekant. Die Panteon – getuig van die Romeine se ingenieursvaardighede. Hierdie goed bewaarde tempel is gebou op die terrein van ’n vroeëre tempel wat, soos die Panteon, aan die gode opgedra is. Die voorkant van die gebou het ’n tradisionele reghoekige kolonnadeportiek. 16 pilare is uit rooi en swart Egiptiese graniet gemaak met voetstukke en kapitele van wit Griekse marmer. Oorspronklik het ’n arend die voorste pediment/fronton versier.

Die ontwerp van die hoofsaal in die vorm van ’n enorme rotonde is ’n simbool van wiskundige harmonie en was slegs moontlik om te konstrueer danksy hul uitvinding van stadig uitdrogende beton. Die rotonde/koepelgebou is ’n kombinasie van ’n sirkel, ’n silinder en ’n sfeer. Dit word uit geometriese vorms gemaak. 7 nisse opgedra aan 7 gode. Korintiese pilare aan die binnekant en buitekant gebruik.
Die groot koepel is geskep deur swaarder beton aan die onderkant te gebruik. Materiaal het minder geweeg hoe nader jy aan die bokant gekom het. Uiteindelik ’n ligte, poreuse puimsteen reg aan die spits gebruik.

Die sentrale kenmerk van die koepel staan bekend as die ronde venster (of ogie) – sirkelvormige opening. Enigste ligbron aan die binnekant. Die ogie stel die koepel van die hemel voor. Wanneer dit reën, val water in die gebou en word na geutpype weggekeer. (25)

6.2 Student se eie keuse. Byvoorbeeld Augustus van Prima Porta (15)
[40]

EN/OF

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Versterkingstruktuur vir ’n muur wat van ’n afsonderlike pilaar oorhel om ’n boog met die muurstutte te vorm.

7.1.2 Om tempels te besoek wat voorwerpe bevat wat met heiliges verband hou, ten einde hulle te vereer

7.1.3 Versiering van ’n teks, bladsy of aanvangsletter met ornamentele ontwerpe en minature

7.1.4 Uitbeelding van heiliges en martelare op klein panele

7.1.5 Groteske standbeeld van ’n mens of dier wat as waterspuier dien

(5 × 2) (10)

7.2 Gebrandskilderde vensters het die kuns van mosaïek of muurskilderwerk in ouer kerke vervang. Die effek van lig wat deur die verskeidenheid kleure filter, is inspirerend. Hierdie kleure is bereik deur minerale by gesmelte glas te voeg. Teen die lig kom die glas deurskynend voor, terwyl die lood en yster wat gebruik word om die stukke glas saam te voeg dowwe swart lyne vorm wat die figure omlyn. Die ontwerpe van die vensters hou verband met die ontwerpe wat in mosaïek en manuskripversiering gesien word.

Soos met die uiterlike beeldhouwerke is die onderliggende tema van die vensters die toewyding van die kerk as ’n tempel vir die Maagd Maria. Gildes verteenwoordigend van die verskillende ambagte het al die vensters geskenk. (10)

7.3 Student se eie keuse.

Byvoorbeeld: Goties – Chartres-katedraal
Romaans – Saint Sernin-katedraal, Durham-katedraal (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Kontras tussen lig en donker (lig en skaduwees) (2)

8.1.2 Voorstelling van voorwerpe, mense of gebeure volgens ’n stel reëls wat ’n gestileerde weergawe van die natuur is en as volmaaktheid beskou word in vergelyking met die regstreekse kopiëring van die natuur (3)

8.1.3 Klem op wat dit beteken om ’n menslike wese te wees – klem op geestelike en intellektuele vermoëns. Dit beteken ’n mens kan homself in alle sfere verbeter – fisiek, moreel, geestelik en esteties. Humanisme het die verstand, skoonheid, krag en enorme potensiaal van menslike wesens gevier. (2)

Kopiereg voorbehou

8.1.4 Kulturele en kunsgebeurtenisse in Italië gedurende die tydperk 1400 tot 1499 (1)

8.1.5 Voorgrond van iets nuuts; kunstenaars wat nuwe en innoverende benaderings, style of tegnieke skep (2)

8.2
- Waarneming
- Perspektief
- Sentralisering van komposisie
- Chiaroscuro
- Klassieke elemente, byvoorbeeld pilare of temas (mitologiese werke)
- Vorm en lyn belangrike – geskep deur chiaroscuro
- Tegniese vermoë
- Piramidale samestelling
- Balans en harmonie
- Sfumato (Verduidelikings vereis) (10)

8.3 Student se keuse

Byvoorbeeld: Proto Renaissance
Giotto: Die Weeklag ('The Lamentation')

Vroeg-Renaissance
Masaccio: Die Tribuut ('The Tribute Money')
Botticelli: Geboorte van Venus (5)

8.4 Student se keuse – skildery en/of beeldhouwerk

Byvoorbeeld: Sistynse Kapel – Skepping van Adam
La Piéta
David (15)
[40]

EN/OF

VRAAG 9

9.1
- Barok het die godsdienstige spanning van die tyd weerspieël
- Hervorming
- Protestantisme – Martin Luther, Johannes Calvyn
- Teenhervorming – gesag van die Rooms-Katolieke Kerk herstel
- Protestantse gebiede, byvoorbeeld Holland – minder godsdienstige leerstof
- Wetenskaplike ontdekkings
- Reise na Amerika, Afrika, Asië
- Shakespeare (10)

9.2 Barok – afgelei van die Portugese woord 'barocco' wat 'onreëlmatige of onegalige pêrel' beteken. Kritici het dit gebruik om hul minagting vir die werk van die tydperk uit te druk.

Student se reaksie (5)

9.3 Renaissance – geïdealiseerd, kalm, gebalanseerd, harmonieus
Barok – energiek, emosionele drama, aksie (5)

9.4
- Bernini
- Caravaggio
- Gentileschi
- Rubens
- Rembrandt
- Enige toepaslike ander kunstenaar (20)

[40]

EN/OF

VRAAG 10

10.1 ROMANTIEK – Met die Franse Revolusie van 1789 en die einde van die monargie het die kuns wat dit ondersteun het ook geëindig. ’n Nuwe tipe skildery is benodig om die heroïsme van die nuwe republiek te vier. Dit het ontstaan as ’n reaksie op die ontnugtering met rede en orde in die nasleep van die Franse Revolusie van 1789. Anti-establishment-beweging. Gekenmerk deur dubbelsinnigheid, kompleksiteit en onsekerheid.

NEOKLASSISISME – politieke en maatskaplike strukture in Frankryk was in ’n kritieke toestand ná 1750 – die staat was byna bankrot. Die middelklas was moeg daarvoor om deur die aristokrasie onderdruk te word. Die Franse Revolusie het in 1789 tydens die uiterste politieke en ekonomiese krisis in Frankryk begin. Onder die diktatorskap van Napoleon Bonaparte is ’n militêre mag oor Europa losgelaat. Neoklassisisme – gekoppel aan politieke gebeure – amptelike styl van die nuwe regering. As gevolg van die uitgrawing van die ruïnes van Herkulaneum in 1738 in Italië en Pompeii in 1748 het hulle die ‘edele eenvoud en kalm grootsheid’ van Grieks-Romeinse kuns aangegryp.

REALISME – Het gepoog om toestande en teëspoed van die armes akkuraat uit te beeld – met die hoop om die samelewing te verander. Realisme het ’n sterk visie van armoede en wanhoop gebied. Die fokus is op die gewone mens. (10)

10.2 Student se keuse

Romantiek – byvoorbeeld Goya, Gericault, Delacroix
Neoklassisisme – byvoorbeeld Jacques-Louis David, Jean Auguste Ingres
Realisme – byvoorbeeld Jean-François Millet, Gustave Courbet (30)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou